**Die Here roep Moses**

**Eks 3:1-12**

**11 Februarie 2024**

1. Vantevore: Die Here het Moses voorberei vir sy roeping – bewaring na sy geboorte, groot geword in ouerhuis en farao se paleis, deur die volk verwerp as verlosser, 40 jaar in Midian. Die Here het ook die farao, die Amoriete en die volk voorberei vir Sy verlossing.
2. Moses se optrede in Midian (Eks 3:1)
   a. Moses is 80 jaar oud, veewagter vir Jetro se kleinvee
   b. Kom by Horeb/Sinai (vgl Hand 7:30)
      - Sinai – berg van Moses roeping
      - Sinai – berg van God se openbaring (Eks 19-34)
      - Pisga – berg van teleurstelling (Deut 34:1)
      - Berg van verheerliking – tuiskoms (Mat 17:3)
   c. Sinai = berg van God, waar Hy Hom openbaar
      - Ligging onduidelik – waarskynlik suidelike deel van Sinai-skiereiland
3. Die Here se verskyning aan Moses, insluitend Moses se roeping (Eks 3:2-10)
   a. Die Here is heilig (v2-5)
      - Engel van die Here = OT verskyning van Jesus (vgl Eks 14:9, 23:20-23)
      - Vuur: brandende bos, vuurkolom (Eks 13:21), vuur op Sinai (Eks 19:18), vuur by tabernakel (Eks 40:38), verbond met Abraham (Gen 15:17)
      - Vuur dui op die Here se heiligheid
      - Sonde bring afstand tussen mens en heilige God (Gen 3, Eks 19, Ps 24:3-4, 1 Sam 6:20, Jes 6:3-5) – tog roep die Here Moses, al is hy sondaar
      - Die Here wil onheiligheid van mensdom aanspreek deur Sy verlossing
   b. Die Here is die Verbondsgod (v6)
      - Die Here tree op binne die onveranderlikheid van Sy verbondsbeloftes
   c. Die Here gaan verlos (v7-9)
      - Die Verbondsgod sien / hoor / ken (vgl Eks 2:24-25)
      - Gaan die volk verlos en hulle by beloofde land bring
      - Egiptenare en inwoners van beloofde land sal gestraf word
   d. Die Here roep Moses (v10)
      - Formele roeping – binne konteks van heiligheid, verbond, God se redding
4. Moses se onwilligheid om die roeping na te kom (Eks 3:11-12)
   a. Moses is huiwerig, onwillig – na sy vorige mislukte poging 40 jaar gelede
   b. Die Here verseker Moses "Ek is immers by jou" – die Here is bevoeg om te red
   c. Teken – hulle sal na die uittog die Here by Horeb dien
      - Bykomend tot wondertekens wat Moses by volk/farao sou doen
      - Sou Moses bemoedig as hulle nie langs kortste pad na beloofde land trek nie (vgl (Eks 14:3, !6:3) – hulle het afspraak met die Here
5. Implikasie vir ons
   a. Dikwels soek mense net verlossing van verdrukking – soos Moses voor Midian wou doen
   b. Die Here spreek wortel van die probleem aan – die skeiding tussen sondaarmense en die heilige God
      - Lewenslange proses van heiligmaking